

Sondag 3 April

Skrifgedeelte: Markus 1:9-13

Fokusgedeelte: Markus 9:10-11

God verlos as Drie-enige God

Hier, waar die Here Jesus se openbare werk as Middelaar en Verlosser begin, word baie duidelik vir ons gewys dat die “Ons” in God Drie is:

- die Vader, wat hier uit die hemel praat;
- die Seun, wat hier gedoop word;
- die Heilige Gees, wat hier soos ’n duif op Jesus kom.

Die een God bestaan dus as Drie. Die Christelike kerk het hierdie misterie wat in die Bybel vir ons geopenbaar word, woorde probeer gee, en ná baie worstelinge daarvoor uitgekome by:

- God is een Wese in Wie daar drie Persone is (HK 8:25 en NGB 8).
- God is ’n heilige Drie-eenheid (NGB 9 en Athanasius 28).

Dit beteken nie dat God op drie verskillende maniere bestaan, of dat een Goddelike Persoon drie verskillende rolle vertolk, of – aan die ander kant – dat daar drie gode is nie. Dit beteken ook nie dat God se Wese in drie gedeeltes is (soos wanneer drie afsonderlike stokkies in een bundel saamgebind word), of dat die drie Persone in God vermeng is (soos wanneer drie bestanddele in een koek vermeng word) nie (Athanasius 4). Nie een van hierdie Goddelike Persone was voor die Ander daar of is belangriker as die Ander nie (Athanasius 6, 25-26).

Ons kan hierdie misterie van God se bestaan nie met ons verstand uitpluis nie. Ons ken nie wiskundige formules daarvoor nie. Dis ook nie ’n geestelike raaisel wat ons moet probeer oplos nie, maar ’n wonderlike geheim oor Homself wat God aan ons, sy kinders, toevertrou het.

Ons dank die Drie-enige God vir ons verlossing, want in dit wat Christus vir ons doen, werk al drie Goddelike Persone saam. Die Vader stuur sy Seun, die Seun kom doen alles vrywillig, en die Heilige Gees lei Hom en rus Hom daarvoor toe.

Sing: Skrifberyming 25 (19-3):1, 2

Ds. SD Snyman (Danie) (emeritus)